**Beloofde land: Simbool van heerlikheid**

**Num 35:1-36:13**

**21 November 2021**

1. Aanwys van Levietestede (Num 35:1-8)
   a. Volk moes uit hulle grondgebied stede plus weiding aan die Leviete gee
   b. In totaal moes hulle 48 stede gee, versprei deur die land. Groter stamme moes meer stede gee
   c. Agtergrond oor Levi:
      i. Gen 49:5-7 – In Jakob se seën sal Levi verspreid woon onder die stamme
      ii. Gen 34 – Levi en Simeon maak die mans in stad dood
      iii. Eks 32 – Levi aan die Here gewy na hulle optrede tydens die goue kalf gebeure
      iv. Lev 10:11, Deut 33:9-10 – Leviete moet die volk die voorskrifte van die Here leer
   d. Toepassing: Leiers woon verspreid deur die kerk – hulle moet dienooreenkomstig ondersteun en versorg word
2. Aanwys van asielstede (Num 35:9-34)
   a. 6 Levietestede moes ook asielstede wees – 3 oos en 3 wes van die Jordaan
   b. Doel: persoon kon daarheen vlug as hy iemand se dood onopsetlik veroorsaak het
   c. Gen 9:5-6 – Die Here eis rekenskap wanneer iemand gedood word, want die persoon het God se beeld gedra
   d. As iemand opsetlik 'n ander doodgemaak het, moet hy doodgemaak word (moet meer as een getuie wees)
   e. As iemand onopsetlik 'n ander doodgemaak het, moet hy in asielstad gaan woon tot die hoëpriester se dood, daarna kan hy teruggaan na sy eie grondgebied (as hy vroeër die asielstad verlaat, mag hy doodgemaak word)
   f. Geen loskoopgeld vir moordenaars of manslagters nie
   g. Toepassing: Lewens is steeds kosbaar. Die owerheid het die swaard. Moordenaars moet steeds sterf, manslagters moet ligter straf ontvang (Rom 13:1-5)
3. Bepalings oor die grond van Selofgad se dogters (Num 36:1-13)
   a. Hierdie dogters moet binne stamverband trou, sodat die grond wat hulle ontvang binne hulle stam bly
   b. Toepassing: 'n Gelowige moet 'n huweliksmaat kies wat 'n gelowige is en wat tot hulp kan wees tot voordeel van God se koninkryk
4. Groter betekenis: Num 32-36
   a. Daar is baie plek in die ewige heerlikheid (die land is groot)
   b. Verantwoordelikheid in heerlikheid bepaal deur werk in hierdie lewe (1 Kor 3:13-15)
   c. Daar is plek vir die geringstes (soos Selofgad se dogters), vir kerkleiers (soos vir die Leviete), vir gelowiges (ons is almal priesters)
   d. Daar is plek vir manslagters – deur die asielstad en die dood van die hoëpriester (Mat 5:21-22), maar nie vir moordenaars nie
   e. Daar is nie plek vir twyfelaars nie (soos Ruben, Gad en die halwe Manassestam) (vgl Eseg 47:18, Jak 1:7-8)
   f. Wat ook al jou erfdeel is, dit is joune vir ewig (soos Selofgad se dogters se grond)